INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron nr. 0 0 1 9 | Datum 9 8 0 4 3 0 1 2 0 | Onderwerp nr. 8 | Knipsel nr. 4600

24 APR 1998

Die Afrikaner Jg. 29 Nr. 1367 P. 9 Dat. 30 APR 1998

# Dr. Fritz Berkhout gesels oor aktuele ekonomiese sake

## 45 miljard vir onderwys

AFGAANDE op die matriekresultate van die afgelope jaar moet aanvaar word dat van die R40.5 miljard van die begroting van die vorige jaar moontlik soveel as R30 miljard onproduktief was en ten goede gekom het aan inkomste vir hoogs ongekwalifiseerde onderwysers en om te sorg dat leerlinge van tot 22 jaar van die werkloosheidlys gehou kan word.

Dit sou beter gewees indien in die plek van onderwys R15 miljard aan behuising sou bestee gewees het en nog eens R15 miljard aan werkverskaffing.

As die ANC/SAKP alliansie wil weet war van al die onderwysuitgawes in die res van Afrika geword het kan hulle maar daar gaan kers opsteek met die wete dat slegs opgeleide persone in die meeste gevalle sterk revolusionêre tendense ontwikkel.

## Finansies van Mediese fondse in SA

LESERS word aangeraai om ernstig te kyk na die posisie van die mediese fonds waarby hulle aangesluit is.

Dit sal nuttig wees om die finansiële posisie van 'n betrokke fonds ernstig te bestudeer om moontlik oor te gaan na 'n finansieel meer kerngesonde mediese fonds.

Die verslag van die Registrateur van Mediese Fondse gee rede tot ongerustheid en 'n "uiskuddery" in die getal mediese fondse lyk 'n besliste moontlikheid.

## Kwota-benadering vir arbeid

DIT is tans wyd en ver in die buiteland bekend dat daar 'n kwotastelsel ontwikkel moet word vir die regstellende arbeidsgetal-verhoudings. Dit impliseer dat sakeondernemings en institusies soos universiteite, ens, bekend moet maak hoe hulle regstellende aksie gaan deurvoer.

Die wrewel wat dié diktatoriale optrede by veral Suid-Afrikaanse hardwerkende ondernemers verwek is van verskillende aard. Dit wissel van "oppak en vertrek" tot gevoelens dat versoening slegs bedrog is. Die ANC/SAKP alliansie vergeet blykbaar dat enige onderneming in die wêreld baas in eie huis is en dat die aanneem van personeel 'n besonder belangrike saak is wat sukses of bankrotskap kan meebring.

Daarnaas word die indringing in private aangeleenthede gesien as 'n opsetlike poging om aan 'n bankrot verkiesing substansie te gee.

Erger nog, dit word gesien as 'n saak van grondwetskending en neo-diskriminasie.

Wel, daar is 'n spreekwoord wat sê dat die sop nooit so warm bedien word dat dit nie geëet kan word nie, maar die oplossing is 'n eenvoudige een.

Indien u 'n vakature het, stel u 'n werkspesifikasie op met 'n opgawe van toepaslike kennis, ervaring en opleiding waaraan die werkers moet voldoen. Dan vra u eers aan die Departement van Mannekrag om binne 'n bepaalde tyd mense met sodanige kwalifikasie en ervaring te stuur. (Die owerheid doen presies dieselfde.) U meld dat u self, indien geen antwoord ontvang of 'n aanvaarbare kandidaat opgedaag het nie, na die verstreke tydstip 'n geskikte aanstelling sal maak. Heel eenvoudig — dis eerlik, doeltreffend en voldoen aan alle bepaalde vereistes. Verder gaan u rustig voort met geld verdien.

## UNISA se bevindinge oor SPAZA'S

DIE Buro vir Marknavorsing van UNISA het 'n ondersoek geloods

TREFWOORDE

1 Berkhout F.
2 Kommentaar
3 Beskeling
4 Opleiding
5 Mediese skemas
6 Kwotas
7 Arbeid
8 Buitland
9 Afrika
10 Unisa

**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

IN DEO SAPIENTIAE LUX

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0 0 1 9 | 9 8 0 4 3 0 0 1 2 0 | | 46006 |

24 APR 1998

30 APR 1998

Die Afrikaner Jg. 29 Nr. 367 P. ........ Dat. ........

TREFWOORDE

1 ...............

...............

2 ...............

...............

3 ...............

...............

4 ...............

...............

5 ...............

...............

6 ...............

...............

7 ...............

...............

8 ...............

...............

9 ...............

...............

10 ...............

...............

ten opsigte van die bestaan en belangrikheid van SPAZA'S of te wel "mikrohandelaars" in swart woongebiede.

Hierdie handelaars se verkope beloop ongeveer 25% van die totale kleinhandelverkope in die RSA. 80% van die SPAZA-omsette word deur slegs 5 produkgroepe gegenereer, naamlik voedsel (24,5%), koeldrank (16,7%), rookgoed (14,0%), alkoholiese dranke (13,2%) en brandstof (10,6%).

Die verkope het vir 1997 ongeveer R32 000 miljoen rand beloop.

Hierdie ondersoek moet as belangrik beskou word omdat dit swart mikro-ondernemings na raming 'n inkomste verskaf van na raming ongeveer 20% (?) op omset of ongeveer 6 miljard rand (1997). Die meeste mikro's se wins moet myns insiens as 'n "byverdienste" (belastingvrye) inkomste gesien word wat werkloosheid en veral armoede met soveel as 250 000 "koswinners" kan verlaag Uit UNISA se opname kan moontlik die gevolgtrekking gemaak word dat daar gemiddeld op elke 50 families een Spaza bestaan. Met na skatting 5.5 miljoen swart families sou daar dan 250 000 Spazas in die RSA bestaan wat dan gesamentlik 6 miljard rand in wins "verdeel".

Dit werk uit op ongeveer 2 480 rand per Spaza per jaar.

Die verskillende implikasie van die Spazas vir die ekonomie is belangrik en mag van toenemende belang vir verskillende redes wees.

UNISA se Buro vir Merknavorsing kan Suid-Afrika 'n diens bewys deur op meer diepte in die Spazas se bedryf in te gaan sodat bostaande vermoedelike afleidings tot werklikheid omgesit kan word.

## Buitelandse hulp aan Afrika verminder

DIE rede vir die opvallende vermindering aan buitelandse hulp vir Afrika kan kortliks soos volg saamgevat word:

- Afrika-lande het oor die afgelope jare ongeveer 20,50 Amerikaanse dollar per kapita aan hulp gekry. Vir dié hulp is, volgens die EU, in die vorm van ontwikkeling min te sien, behalwe dat vermoedelik honderde miljarde dollars in die sakke van regerende elite verdwyn het. Dit staan in teenstelling tot ander ontwikkelende lande wat meer as 40 keer minder, naamlik slegs 50 dollarsent per kapita ontvang het en daarmee sigbaar iets bereik het.
- Die jonger generasie van Europese besluitnemers het geen skuldgevoelens meer oor die koloniale verlede nie.
- Die weste is van mening dat ontwikkelende lande hulle hande aan die ploeg moet slaan en nie langer met die hoed in die hand die "Weste" moet afpers met morele argumente vir hulp nie.
- Die mening is redelik algemeen dat daar te veel geld vermors word aan onproduktiewe sake, luukse items en duur reise met hele families en harems, terwyl honderdeduisende mense in haglike omstandighede verkeer. Of mens kan saamstem, al dan nie, met bostaande argumente, feit bly bestaan dat daar beslis 'n einde kom aan noemenswaardige hulp, ongeoormerkte hulp en hulp waarvoor geen verantwoording gedoen hoef te word nie.

## SASRIA reserwes is onverantwoordbaar

SASRIA (SA se Spesiale Hoë Risiko Assuransie Assosiasie) is destyds deur die NP regering opgerig (as 'n Art. 21 maatskappy en dus belastingvry) en ook gefinansier om "revolusie skade" aan eiendomme en veral motors te kan vergoed. Teen ekstra premiekoste vir Jan Publiek, natuurlik!

Wel, die revolusie is glo verby en die reserwes wat Sasria op u en my ekstra poliskoste opgebou het beloop amper 10 000 miljoen rand en dit na voorsiening vir hoë salarisse (kan ons miskien 'n lys kry van Sasria se midde- en topbestuur funksionarisse en hulle salarisse?).

'n Storm het ontstaan omdat die ANC/SAKP regering beoog om ongeveer 8 000 miljoen rand van die fonds wil gebruik om die staatskuld en die daarop betrokke hoë rente wat die belastingbetaler moet opdok) te verminder. Die finansiële voordele wat so 'n vyftigtal versekeraars in Suid-Afrika het en skielik bevrees raak dat hulle (myns insiens ongegrond) met eventuele skade sal kan bly sit sonder om

**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

IN DEO SAPIENTIAE LUX

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0 0 1 9 | 9 8 0 4 3 0 1 2 0 | | 4600 C |

24 APR 1998
30 APR 1998

Die Afrikaner Jg. 29 Nr. 1367 P. ........ Dat. ..............

TREFWOORDE

1 ..............

2 ..............

3 ..............

4 ..............

5 ..............

6 ..............

7 ..............

8 ..............

9 ..............

10 ..............

ander voordele uit die stelsel te kan kry is die kern van die argument.

Die "benadeelde" assuransiemaatskappye beraam planne om die regering oor die beoogde wetgewing te dagvaar. Hulle behoort net te weet dat hulle so 'm saak gaan verloor. In geen land ter wêreld bestaan 'n aparte spesiale onderneming wat "revolusieskade" dek nie. Vir 'n moontlike revolusie kan die assuransiemaatskappye hulle premies effens verhoog. Gesien die reserwes van Sasria behoort die premie ietsie meer te beloop as die helfte van wat vandag vir die dekking betaal word.

## Regering betaal nie skulde

WIE kon ooit gedink het dat 'n Suid-Afrikaanse regering van sy finansiële verpligtinge vir die bou van die (gekontrakteerde) infrastruktuur en behuisingprojekte nie sou nakom nie.

Nou ja, dit is sover en wel tot so 'n mate dat 'n hele aantal konstruksie-ondernemings met bankrotskap bedreig word.

Gerugte wil verder laat voorkom dat heelwat nuwe tenderaars egter wel hul geld ontvang het, maar dat dit vir hulle blykbaar as gevolg van korrupsie en gebrek aan kontrole nie nodig is om lewering te bewerkstellig nie.

Alles die skuld van apartheid as ek die verontskuldigings goed verstaan...

## Pensioene van amptenare

IN die vorige artikel oor die pensioene van amptenare is geskryf as sou daar 'n "ooreenkoms" wees dat die pensioene van amptenare nooit minder sou beloop as 60% van die salaris van 'n dienende amptenaar van gelyke rang as die afgetrede nie. Die drukkersduiwel het parte gespeel en dit moes inderwaarheid feite "n "ooreenkomstige formule" wees.

As voorbeeld vir die steeds gebruikte formule mag die volgende geld uit 'n opname van 10 afgetrede direkteure:

- Salaris van 'n dienende direkteur gedurende 1997: **R 171 426,00**
- Pensioen van 'n afgetrede direkteur gedurende 1997: **R 103 855,60**

Hieruit volg dat op 'n klein verskil van R 615, 84 na die pensioene van die afgetrede direkteure 60% beloop in vergelyking met die salaris van dienende direkteure.

Ek sal dit waardeer indien ander afgetredenes van verskillende range hierdie berekening aan die hand van hul eie situasie wil nagaan. Dit kan toekomstig besonder belangrik wees. Ek sal graag van hulle hoor



indien dit werklik afwyk van die 60% formule.

## Vliegtuiggeraas in Pretoria

INWONERS van Pretoria kla oor die onophoudelike vleigtuig-geraas oor hul stad. Tientalle kere per dag of aand — Saterdag en Sondag ingesluit — word inwoners van Pretoria geïrriteer deur vliegtuie van die Lugmag, die Wonderboom Lughawe se vliegmasjiene en die vliegtuie van die internasionale rederye, asook die geraas van vliegtuie by die Waterkloof Lughawe.

**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

Bron nr. 0 0 1 9 | Datum 9 8 0 4 3 0 1 2 0 | Onderwerp nr. | Knipsel nr. 4600d

24 APR 1998

Die Afrikaner Jg. 29 Nr. 1367 P. Dat. 30 APR 1998

Daar bestaan geen stad in die beskaafde wereld waar die lugruim deur vliegtuie van enige maak en soort geskend mag word nie. Dit gaan uit die aard van die saak nie alleen om die onnodige geraas wat skole, universiteite, hospitale en burgers konstant pla nie maar ook oor die gevaar van ernstige ongelukke. Die laaste 18 maande het daar tientalle ongelukke voorgekom met vliegtuie en veral vliegtuigies wat op skole en woongebiede neergestort het in lande waar 'n oorvlugverbod nie bestaan (het) nie.

Lesers kan gerus wees. Die saak geniet geregs-aandag. Daar moet bepaal word of die woongerief nie deur voorkombare geraas geskend raak nie. Dit wil voorkom of daar 'n goeie saak uit te make is. Die hele aangeleentheid is tegnies (lugkorridors, lugruimverdeling, noodsaaklikheid, ens) reeds ondersoek. Ondersoeke is ingestel in lande waar militêre oefenvlugte en burgerlugvaart 'n noodsaaklike aangeleentheid is.

Die ondersoek het uitgewys dat vlugte oor groot stede en dorpe in geen gevalle noodsaaklik is nie, ook nie waar militêre basisse en openbare lughawes die toewysing van lugruimverdeling noodsaaklik maak nie.

In beginsel is die hele aangeleentheid een van beskaafde gedrag. ■

TREFWOORDE

1 ...

2 ...

3 ...

4 ...

5 ...

6 ...

7 ...

8 ...

9 ...

10 ...